# JUNIOR JEUG ALPHA: Sessie 1– Die nou en die wye pad

**Doel van les:**

- Ons kyk na die twee paaie in die lewe wat ons kan kies.

**Sê:** Hallo julle almal. Ek is so bly om julle vanaand hier te sien. Hoe het julle hier gekom? Om vanaand by die kerk te kom, moes julle 'n sekere pad ry/stap. Daar is natuurlik baie strate wat julle kon vat, maar dan sou julle nie by die kerk uitgekom het nie. Julle kon dalk by Greenacers of Baywest of die see uitgekom het as julle ander paaie gekies het. Vanaand gaan ons ook praat oor twee soorte paaie in die Bybel. Het julle geweet die Bybel praat ook van paaie? Kom ons gaan nou so paar speletjies speel en dan kyk julle of julle kan raai watter paaie dit is.

**Ysbreker 1: Nou pad, wye pad**

Deel die kinders op in twee spanne. Pak twee paadjies met stoele. Laat die een groep deur 'n baie nou paadjie stoele stap, maar hulle moet deurloop sonder om aan 'n stoel te raak. Laat die ander groep deur 'n wye pad van stoele stap, ook met die opdrag dat hulle nie aan die stoele mag raak nie. Hulle moet kyk hoeveel maal hulle die pad kan stap in 'n 1 minuut. Laat die groepe dan omruil en herhaal die speletjie.

**Ysbreker 2: Ping Pong doel:** Gee vir albei groepe 'n ping pong balletjie. Die een groep gaan 'n stoel aan die oorkant van die muur hê en die ander groepie 'n lëe handdoekrol. Die speletjie gaan soos aflos werk. Die eerste kind van elke groep moet die ping pong balletjie blaas tot by die stoel of handdoekrol, onder deur die stoel vir een groep of deur die handdoekrol vir die ander groep en dan terug blaas na hulle groep. Dan kom die volgende kind en doen dieselfde. Die speletjie gaan so aan totdat almal 'n beurt gehad het. Daarna ruil die spanne weer.

**Ysbreker 3: Ping Pong rolbal:** Laat al die kinders in een ry agter 'n lyn staan. Gee vir elke kind 'n ping pong balletjie. Hulle kan nou kies of hulle die ping pong balletjie deur die wye opening van 'n stoel wil rol, of deur die nou opening van 'n handdoekrol.

**Les inhoud:** Wat sal julle doen as julle besig was om saam met 'n klompie maatjies te stap, en soos julle stap, nooi een van jul vriende julle na sy/haar huis? Hy/sy ken die perfekte pad om by die huis te kom. Al die maatjies begin die vriend te volg, maar kort voor lank besef hulle dat die pad baie moeilik is om op te loop. So meeste van die vriende draai om en besluit om nie te gaan nie.

Jou vriende besluit die pad is darem maar net te erg en te klipperig en hulle dink hulle ken eintlik 'n makliker manier om daar uit te kom. Hulle besef egter nie dat die makliker pad eintlik glad nie lei na daardie vriend se huis nie.

Nou wat het hierdie storie met ons te doen? Kon julle dalk agterkom watter paaie ons nou van gepraat het? Soos ek netnou vir julle gesê het, daar is 'n gedeelte in die Bybel wat ook gaan oor paaie.

**Mattheus 7:13-14 sê: Om die Here se kind te wees, is nie maklik nie. Dit is net so moeilik soos om op 'n baie smal pad te stap wat vol klippe en gate is. Vir die meeste mense is dit baie makliker om op die duiwel se pad te stap. As jy aan hom behoort, kan jy lewe net soos wat jy wil. Maar die duiwel se pad eindig in die hel. Mense wat nie na God wil luister nie, gaan vir altyd daar swaar kry. Doen julle bes om op die Here se pad te stap. Sy pad eindig in die hemel. Luister elke dag net na Hom.**

**Geneem uit die Bybel @kinders.co.za**

**Wat dink julle beteken dit?**

Baie mense kies om die maklike pad in die lewe te vat. Hulle kies om verkeerde dinge te doen, want wat hulle wil hê is vir hulle belangriker as wat God wil hê. Hulle besef dat om Jesus te volg nie altyd 'n maklike pad is nie, maar dat dit die enigste manier is om in die hemel te kom. Al voel daai maklike pad nou lekker, is dit 'n pad wat baie hartseer bring. Al is die pad hemel toe nie altyd maklik nie, maak dit ons baie gelukkiger as die verkeerde pad.

**Speletjie: Gelukkige pad/hartseer pad:** Gee vir elke kind 'n papierbord met gems en laat hulle vinnig aan die een kant 'n gelukkige gesiggie en aan die ander kant 'n hartseer gesiggie teken.

**Sê:** Ons gaan nou 'n speletjie speel. As julle dink dat dit wat ek lees die verkeerde pad is, dan wys julle die ongelukkige gesiggie. As julle dink dis die regte pad, dan wys julle die gelukkige gesiggie.

- Jou mamma het pas koek gebak en versier en sit dit op die tafel. Jy gaan druk jou vinger in die koek en eet die icing. (Hartseer gesiggie)
- Jou maatjie is besig om blokkies te bou en jy stap na hom/haar toe en stamp die toring om. (Hartseer gesiggie)
- Jy stamp die toring om wat jou maatjie gebou het, stap terug na hulle toe, sê jammer en help hom/haar om die blokkies weer op te tel. (Gelukkige gesiggie)
- Jou pappa laat val 'n R10 noot uit sy sak op die grond toe hy van die winkel af kom sonder dat hy agterkom. Jy tel dit op en gee dit vir hom. (Gelukkige gesiggie)
- Terwyl jy in die huis speel, stamp jy aan die tafel en een van jou ma se borde val op die grond en breek. Jy gaan vertel jou ma wat gebeur het en sê dat jy jammer is. Jy gaan haal geld uit jou spaarbussie om te betaal vir die bord. (Gelukkige gesiggie)
- Jou gunsteling cartoon is op die televisie Sondae oggende, maar jy kies om dit eerder te mis en kerk toe te kom. (Gelukkige gesiggie)
- Jou beste maatjie maak jou kwaad en jy vloek hom/haar. (Hartseer gesiggie)
- Jou beste maatjie maak jou kwaad en jy draai eerder om en stap weg. (Gelukkige gesiggie)

Volgende week gaan ons bietjie meer leer oor daardie nou pad.

Sluit af met gebed.